BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# ONTMOETINGS MET JESUS

## Deel 5 – Oë wat kan sien

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Op watter manier het jy al in jou lewe beleef dat mense kies om die feite op die tafel te ignoreer en hul eie afleidings te maak? Hoe benader jy sulke mense?**

---

---

---

**Op watter manier dink jy maak mense verkeerde afleidings oor Jesus of oor Christenskap? Hoekom dink jy gebeur dit?**

---

---

---

**Dink jy alle swaarkry in mense se lewe het 'n doel? Verduidelik jou antwoord.**

---

---

---

**Op watter manier het jy al meer bewyse in Christenskap gesoek ten einde meer te glo?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**1 Korintiërs 2:14-15. Wat is nodig volgens hierdie gedeelte om geestelike dinge te kan interpreteer?**

**Psalm 119:18. Op watter plekke in jou lewe kan jy hierdie versie bid?**

**Efesiërs 1:18-20. Wat dink jy maak dat ons geestelik blind kan wees en nie sien wat ons in Jesus ontvang het nie? Vir wie kan jy hierdie gedeelte bid?**

**2 Korintiërs 4:3-6. Wat is soms die rede volgens hierdie gedeelte dat iemand nie die goeie nuus van Jesus kan sien nie? Hoe bid 'n mens daaroor?**

**2 Korintiërs 5:7. Op watter manier is daar dinge wat geloof kan sien, maar wat jy nie met jou fisiese oë kan sien nie?**

**Johannes 9:25. Op watter manier het jy al sekere waarhede van God beleef of oortuigings van God gekry, al kon jy dit nie verklaar nie?**

**Wat dink jy kan in jou geloofslewe gebeur as jy meer van Jesus kan "sien"? In watter area van jou lewe wil jy meer sy kragtige werking "sien"? Skryf 'n gebed vir God daaroor neer.**

Vir watter ongelowige persone in jou lewe kan julle as groep saambid dat die Here hulle geestesoë sal verhelder sodat hulle Jesus begin sien?

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**